

# Die VOC-tydperk as navorsingsterrein vir historici<sup>1</sup>

DEUR PIETER KAPP<sup>\*</sup>

In 2002 is dit vierhonderd jaar sedert die stigting van die *Vereenigde Oost-Indische Compagnie* (VOC). Die hernude belangstelling in Nederland in die Nederlandse koloniale verlede en die vrae wat oor die grondtrekke van die Suid-Afrikaanse samelewing in die Nederlandse tydperk deur studies van die laat jare sewentig en tagtig na vore gebring is, sal hopelik daartoe lei dat ook in Suid-Afrika, soos tans in Nederland die geval is, nuwe navorsingsresultate oor hierdie tydperk gelewer word. Die afgelope tyd was die aandag in Suid-Afrika meer op die verhouding Nederland – Suid-Afrika onder apartheid toegespits as op die sogenaamde kompanjieperiode.<sup>2</sup> Dit is inderdaad so dat, veral onder Afrikaanse navorsers, belangstelling in hierdie periode skerp afgeneem het. In die resente verlede is dit net die studie van Dan Sleight<sup>3</sup> wat in Afrikaanse

- 
1. Die navorsingsagtergrond tot hierdie artikel is enersyds te vinde in die bibliografiese projek oor publikasies in Suid-Afrika in Afrikaans en Nederlands oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die vroegste tyd tot 1998 wat pas voltooi is en waarvan 'n rekenaarmatige ontsluiting in 'n alfabetiese en onderwerpskatalogus binnekort beskikbaar sal wees. Hierdie bibliografie is namens die geskiedenis-kommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en danksy die vriendelike samewerking van Departemente Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse universiteite, deur die Departement Geskiedenis van die Universiteit Stellenbosch onderneem. Die opbou van die alfabetiese katalogus het onder leiding van prof. E.L.P. Stals geskied en die finalisering onder leiding van prof. P.H. Kapp. Andersyds het nagraadse Nederlandse studente wat aan die US 'n deel van hulle navorsing oor die kompanjietyd gedoen het, ook 'n bydrae gelewer. Die vernaamste hiervan is die doktorsale proefskrif van Ad Biewenga wat in 1999 verskyn het, 'n bespreking waarvan 'n belangrike deel van hierdie artikel uitmaak. Prof. P.H. Kapp het as sy eksterne eksaminator opgetree.
  - Pieter Kapp is emeritus professor in Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch en onafhanklike navorser. Hy is besig met twee studies: Rekonstruksie van 'n samelewing ná 'n groot oorlog: vier internasionale gevalle studies; en Europese integrasie: kan Afrika die model navolg?
  2. Werke soos dié van H.O. TERBLANCHE, *Nederland en die Afrikaner: gesprek oor apartheid. Die paginaruil tussen Trouw en Die Burger, 1963-1964* (UPE, 1998); S.E. VAN DER WATT, Die opsegging van die kultuurverdrag Nederland/Suid-Afrika: 'n kritiese ontleding (MA, UOVS, 1992) dien as voorbeelde.
  3. *Die Buiteposte. VOC-buiteposte onder die Kaapse bestuur, 1652-1795* privaat uitgegee deur HAUM, 1993. Geredigeerde en geïntegreerde publikasie van sy MA-tesis (1982) en sy doktorsale proefskrif (1987) aan die Universiteit van Stellenbosch.

geskiedenisgeledere omvattende aandag aan die kompanjietyd gegee het. Ander navorsers wat hulle tans met hierdie tydperk besig hou is, in die geleedere van die Afrikaanse universiteite, eerder aan taaldepartemente verbonde.<sup>4</sup>

### 1. Navorsing aan die Universiteit Stellenbosch

Die Stellenbosch tradisie van navorsing oor die Nederlandse tydperk wat uit die belangstelling en die kundigheid van sy Nederlandsprekende grondleggers en die Nederlandse opleiding van professore gespruit het, het sedert die jare sestig, mede as gevolg van die kulturele boikot en die kilheid wat in Afrikaans-Nederlandse verhoudinge ingetree het, sterk afgeneem. Die werk van Stellenbosch-professore W.A. Blommaert,<sup>5</sup> E.C. Godee-Molsbergen,<sup>6</sup> H.B. Thom<sup>7</sup> en P.J. van der Merwe<sup>8</sup> toon enersyds Stellenbosch se belangstelling in die kompanjietyd maar andersyds, reeds met die werk van Van der Merwe, 'n wegbeweeg van 'n belangstelling in dié tydperk in eie reg. Die kompanjietyd word die agtergrond en inleiding tot studies oor bepaalde historiese verskynsels.

Dit is eintlik bloot logies dat Stellenbosch se departement hom op die kompanjietyd sou toespits aangesien die Kaapstadse argief die bewaarplek van die argivale bronne van dié tyd is. Die kursusse in paleografie om die handskrifte van dié tyd te kan lees, het dan ook vir baie lank deel gevorm van die Departement Geskiedenis se opleiding in die honneurskursus. Tans is dit nie meer die geval nie en word taal- en skrifkundige opleiding om die tydperk te bestudeer, in die Departement Afrikaans en Nederlands as 'n toegevoegde kursus aangebied. Dit is egter nie net die nabyheid van die Kaapstadse argief wat 'n rol gespeel het nie. Ook die kontak met en geleentheid vir doktrale

- 
4. Hier word gedink aan die werk van prof. Fritz Ponelis (Taalkunde) professor in Afrikaans aan die US, dr. Siegfried Huygen van dieselfde departement en dr. Pieta van Beeck, 'n klassikus.
  5. Het invoeren van de slavernij aan de Kaap in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1, 1938 (Staatsdrukker, Pretoria, 1938).
  6. *Tijdens de O.I. Compagnie* (Swets & Zeitlinger, Bandung, 1932); *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd, 1652-1805*, 4 volumes (Van Linschoten Vereniging, 1916-1932); *Jan van Riebeeck en zijn Tijd* (PN van Kampen, Amsterdam, 1937); Hottentotten, slaven en blanken in Compagniestijd in Zuid-Afrika in *Handelingen en Mededeelingen van de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden*, 1913.
  7. *Die Journaal van Jan van Riebeeck 1651-1662*, drie volumes (Van Riebeeck-Vereniging, Kaapstad, 1952-1958); *Die geskiedenis van skaapboerdery in Suid-Afrika* (Swets & Zeitlinger, Amsterdam, 1936). Laasgenoemde is Thom se doktrale proefskrif aan die US maar is in Amsterdam gepubliseer.
  8. Die Kafferoorloog van 1793 (Nasionale Pers, Kaapstad, 1940); Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842), (Nasionale Pers, Kaapstad, 1938); Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842), (WP van Stockum, Den Haag, 1937). Laasgenoemde was sy doktrale proefskrif wat hy in 1937 aan die Ryksuniversiteit van Leiden verwerf het.

studente om hulle navorsing in Nederland en ook aan Duitse universiteite te kon voortsit, het hierin 'n belangrike rol gespeel. Die hartlike akademiese samewerking met Europese historici en universiteite het die regte wedersydse verhouding geskep. Dit het tot doktorsale proefskrifte oor die kompanjietyd gelei soos dié van Leo Fouché in 1908 in Gent,<sup>9</sup> A.L. Geyer in 1923,<sup>10</sup> A.J.H. van der Walt in 1928, albei in Berlyn,<sup>11</sup> en F.C. Dominicus in dieselfde jaar aan Leiden.<sup>12</sup> Die eerste drie doktorsgrade wat deur die Universiteit Stellenbosch in Geskiedenis toegeken is – C. Beyers<sup>13</sup> in 1926, H.B. Thom<sup>14</sup> in 1930 en P.S. du Toit<sup>15</sup> in 1936 – het al drie oor die kompanjietyd handel hoewel Thom se studie die tydperk net as agtergrond tot sy onderwerp hanteer het. Daarna het hierdie periode vinnig veld begin verloor teen die neëntiende eeuse geskiedenis. In die periode 1938 tot 1999 handel net 6 uit 'n totaal van 46 doktorsale proefskrifte oor die kompanjietyd: P.J. Venter (1939),<sup>16</sup> A.J. Boëseken (1943),<sup>17</sup> P.E. Roux (1946),<sup>18</sup> J.E. Louwrens (1954),<sup>19</sup> G.C. de Wet (1978)<sup>20</sup> en D. Sleigh (1987).<sup>21</sup>

Die aantal MA-tesisse wat oor kompanjiesgeskiedenis handel, en waarvan die meeste nie gepubliseer is nie, volg 'n soortgelyke patroon van skerp afname.

- 
9. Tien jaren uit de wordingsgeschiedenis der Boeren, 1653-1661. Ongepubliseer.
  10. Das wirtschaftliche System der niederländischen ost-indischen Kompanie am Kap der Guten Hoffnung, 1785-1795 (R. Oldenbourg, Berlyn, 1923).
  11. Die Ausdehnung der Kolonie am Kap der Guten Hoffnung (1700-1779), (Emil Eberung, Berlyn, 1928).
  12. Het ontslag van Wilhelm Adriaen van der Stel, (Nijgh en Von Ditmar, Rotterdam, 1929)
  13. *Die Kaapse Patriotte, 1779-1791*. Onder dieselfde titel gepubliseer. (Juta, Kaapstad, 1929).
  14. Sy reeds genoemde studie oor die geskiedenis van skaapboerdery.
  15. *Onderwys aan die Kaap onder die kompanjie, 1652-1795*. Onder dieselfde titel gepubliseer (Juta, Kaapstad, 1937).
  16. Landdroes en heemrade, 1682-1899 in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis 2, 1940*, (Staatsdrukker, Pretoria, 1942).
  17. Die Nederlandse kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1944. (Staatsdrukker, Pretoria, 1944).
  18. Die geskiedenis van die burgerkommando's in die Kaapkolonie, 1652-1878. Die proefskrif is nie gepubliseer nie.
  19. Immigrasie aan die Kaap gedurende die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie. Die proefskrif is nie gepubliseer nie.
  20. Die vry bevolking in die Kaapse nedersetting, 1657-1707. As onafhanklike publikasie met die titel *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting, 1657-1707* (Historiese Publikasie-Vereniging, Kaapstad, 1981).
  21. Kyk voetnoot 3.

Van die 142 tesse wat tussen 1915 en 1999 aanvaar is, het die eerste sewe tussen 1915 en 1928 al sewe oor kompanjietemas gehandel. Uit die totaal van 142 temas handel net 29 oor die kompanjietyd, die laaste een so lank gelede as 1985. Die afgelope bykans 15 jaar is dus geen tesse oor dié periode geskryf nie.

‘n Verrassende bydrae in ‘n boek wat relatief onbekend gebly het, is P.J. van der Merwe se twee hoofstukke oor die kompanjieberoep en groepsverhoudinge aan die Kaap in die kompanjietyd.<sup>22</sup> Dit is verrassend omdat dit nie die soort onderwerpe is waarvoor Van der Merwe met sy streng navorsingsbenadering navorsing gedoen het nie. Dit was sy beleid om net oor dit waarvoor hy intensiewe en uitputtende navorsing gedoen het, te skryf en om nie by historiese probleme met ‘n kontensieuse politieke karakter betrokke te raak nie.

As die temas ontleed word, blyk dit dat die meerderheid van hierdie 29 studies onderwerpe in een van drie bepaalde gebiede behandel: institusionele, insluitende kerklike, ontwikkelinge; landbou-ekonomiese ontwikkelinge; en die verspreiding van en kontak met die Khoikhoistamme. Kultuurgeskiedenis, sosiale geskiedenis, en veral die ontwikkeling van samelewingspatrone en verbande, en die rol en invloed van slawerny, kry in vergelyking met temas in die jare sewentig en daarna, relatief min aandag.

## 2. Die rol van ander universiteite

Die Universiteit van Kaapstad is natuurlik geografies in nog ‘n beter posisie as Stellenbosch om die Kaapse argiefbewaarplek te benut. Die probleem met die Nederlandse taal en die gevolglike gebrekkige kontak met of belangstelling in navorsing in Nederland, was egter ‘n veel meer beperkende faktor as wat die ligging ‘n voordelige faktor was. Tog is dit opvallend dat die herlewing van belangstelling in die kompanjietyd se arbeids- en verhoudingsproblematiek juis deur nie-Afrikaanssprekende, veral ook Amerikaners, met waarskynlik ‘n moeiliker toegang tot die Nederlandse dokumentasie, onderneem is. Die Kaapse Britse koloniale geskiedenis het om begryplike redes die oorwegende belangstellingsveld vir nagraadse navorsing aan die Universiteit Kaapstad verskaf. Tog het navorsers, veral in die persoon van prof. Eric Axelson, ‘n besondere belangstelling in die Portugese rol in suidelike Afrika getoon en het

---

22. Hier word verwys na die min gebruikte deel 2 van A.J.H. VAN DER WALT, J.A. WIID en A.L. GEYER (reds), *Geskiedenis van Suid-Afrika*. (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1951).

die geograaf Vernon Forbes<sup>23</sup> belangrike werk ten opsigte van vroeë reisbeskrywing aan die Kaap gedoen. In die jare rondom 1930 het 'n aantal studies in die Opvoedkunde aan die geskiedenis van onderwys in die kompanjietyd aandag gegee.

Twee Kaapstadse professore wat hulle wel in aspekte van die kompanjietyd geïnteresseer het, was Leo Fouché<sup>24</sup> en J.S. Marais.<sup>25</sup> Met die oog op latere historiografiese ontwikkelinge is dit nodig om daarop te wys dat Marais se werk in belangrike opsigte korreksies op W.M. MacMillan<sup>26</sup> se werk verteenwoordig. Laasgenoemde se werk oor die gemengde bevolking aan die Kaap maak 'n aantal aannames oor die kompanjietyd ten einde aansluiting te vind by die eintlike doel van sy boek, 'n verdediging van dr. Philip en die Londense sendelinge. Marais vestig vir die eerste keer die aandag op die sosialiseringsproses in die kompanjietyd en die rol wat dit in die ontstaan van 'n gemengde bevolking aan die Kaap gespeel het, iets waaraan MacMillan weinig aandag gegee het. Teen hierdie agtergrond sou 'n mens meer studies oor die kompanjietyd uit hierdie oord verwag het. Dit sou egter eers in die jare tagtig gebeur en dan ook nie uit 'n primêre belangstelling in die kompanjietyd nie, maar uit navorsing oor sosiale verhoudinge en veral die rol van slawerny en rasvermenging as bepalende invloede op sosiale stratifikasie aan die Kaap.<sup>27</sup>

- 
23. Hy het sy doktrale proefskrif in 1957 aan Rhodes Universiteit voltooi oor die onderwerp *The expanding horizon: a geographical commentary upon the routes, records, observations and opinions contained in selected documents concerning travel at the Cape, 1750-1800*; *Pioneer travellers of South Africa* (AA Balkema, Kaapstad, 1965); *Beutler's expedition into the Eastern Cape, 1752* in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 16(1) 1953. (Staatsdrukker, Pretoria, 1953).
  24. Hy was veral in Adam Tas geïnteresseerd en het dan ook *The diary of Adam Tas (1705-1706)* versorg (Longmans, Green, Londen, 1914).
  25. *Maynier and the first Boer republic* (Maskew Miller, Kaapstad, 1944); *The Cape coloured people, 1652-1937* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1957). Laasgenoemde werk verteenwoordig die oorsprong van akademiese belangstelling in die vraag na hoe die gemengde bevolking aan die Kaap ontstaan het.
  26. *The Cape colour question: a historical survey* (Faber & Gwyer, Londen, 1927).
  27. Sover nagegaan kon word, is twee doktrale proefskrifte in die argeologie en twee MA-tesisse oor die Kompanjietyd voor 1978 aan die UK voltooi. Die doktrale proefskrifte is dié van Y. BRINK, *Place of discourse and dialect. A study of the material culture of the Cape during the rule of the Dutch East India Company, 1652-1795* (1992) en A. MALAN, *Households of the Cape, 1750-1850. Inventories and archival record*, (1993). Die twee tesisse is J.I. DE VILLIERS, *Adriaan van Jaarsveld: veldkornet en leier van 'n rebellie 1770-1800* (1942) en C.V.E. WAHL, *Die administrasie van die Kaap onder goewerneur Van Plettenberg, 1771-1785* (1950). In 1978 het V.C. MALHERBE 'n MA-tesis voltooi oor *Diversification and mobility of the Khoikhoi labour force in the eastern districts of the Cape Colony, prior to the labour law of 1 November 1809*, wat meer oor die Britse besettingstyd as oor die Kompanjietyd handel. In 1995 het N. PENN sy doktrale proefskrif voltooi oor *The Northern Cape frontier zone, 1700-c.1815*.

Die Universiteit van Wes-Kaapland het met sy stigting van die Instituut vir Historiese Navorsing in 1976 om “volkereverhoudings in sy historiese konteks na te vors met die klem op die historiese bydrae van die Kleurlingbevolkingsgroep”<sup>28</sup> ‘n belangrike nuwe klem op die studie van die kompanjietyd geplaas. In ‘n projek van dié instituut is in 1976 bevind dat die geskiedenis van groeps- en rasseverhoudinge in die kompanjietyd “braak lê” vir indringende navorsing.<sup>29</sup> Die IHN het hom toegespits op die studie van slawerny aan die Kaap en die Khoikhoistamme en hulle verhouding tot en rol in die Kaapse samelewing. Dit is veral die navorsing van prof. Henry Bredekamp wat in laasgenoemde geval ‘n sentrale rol gespeel het.<sup>30</sup> Die verskyning van ‘n bibliografie oor rasseverhoudinge aan die Kaap in die kompanjietyd<sup>31</sup> was ‘n belangrike hulpmiddel vir navorsers. Navorsers soos J.L. Hattingh en H.F. Heese het met belangrike nuwe kwantitiewe tegnieke hulle ook op navorsing oor die slawe en die ontstaan van ‘n gemengde bevolking toegespits.<sup>32</sup> Die IHN se tydskrif *Kronos* het sedert sy eerste uitgawe in 1979 en sy spesiale publikasiereeks oor Kaapse geskiedenis ‘n belangrike publikasiemedium vir hierdie studies geword en ‘n waardevolle bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die stand van kennis oor nuwe temas. Die aandag wat hierdie temas aan die UWK, en slawerny aan die UK, in die jare tagtig ontvang het, het saamgehang met veral Amerikaanse belangstelling in die sosiale geskiedenis van die kompanjietyd soos in afdeling 4 verder uiteengesit word.

Die bydrae van ander universiteite tot navorsingstudies oor die kompanjietyd is feilik nie-bestaande. Twee MA-studies binne die verband van die latere Universiteit van Suid-Afrika se kolleges en wel by die Hugenate Kollege in

- 
28. Voorwoord in eerste uitgawe van tydskrif *Kronos*, 1979. In 1991 is die titel van die tydskrif verander van *Kronos*. Tydskrif vir Kaaplandse Geskiedenis na Tydskrif vir die studie van Kaapland se geskiedenis in die voor-koloniale tydperk.
  29. P.L. SCHOLTZ, H.C. BREDEKAMP en H.F. HEESE: *‘n Historiografiese beeld van volkereverhoudinge aan die Kaap tydens die Kompanjiesbestuur 1652-1795* (Instituut vir Historiese Navorsing, UWK, 1976), p.75.
  30. Sy MA-tesis, Khoikho-Euro interaksie aan die Kaap, 1662-1679: ‘n Historiese ondersoek (UWK,1980) is in ‘n gewysigde vorm deur die IHN gepubliseer as *Van veeverskaffers tot veewagters: ‘n Historiese ondersoek na betrekkinge tussen die Khoikhoi en die Europeërs aan die Kaap, 1662-1679* (IHN-publikasie, UWK, Bellville, 1982).
  31. P.L. SCHOLTZ, H.C. BREDEKAMP en H.F. HEESE, *Race relations in the Cape of Good Hope, 1652-1795: a select bibliography* (Boston, 1981).
  32. Die meeste van hulle werk is óf as artikels in *Kronos* of as publikasies van die IHN gepubliseer, te veel om in ‘n voetnoot gelys te word. Die titel van Heese se een publikasie weerspieël die *leitmotiv* en bevindinge van hierdie navorsingswerk aan die IHN ten beste: *Groep sonder grense (Die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap, 1652-1795)* (IHN, UWK, Bellville, 1984).

Wellington,<sup>33</sup> en Grey Kollege in Bloemfontein<sup>34</sup> kon gevind word. Een besonder merkwaardige uitsondering is die doktorsale proefskrif van C.W. Hudson<sup>35</sup> in die Volkskunde wat hy onder prof. Abel Coetzee voltooi het en waarin die lewenswyse en kulturele gebruike van die Nederlandse koloniste aan die Kaap beskryf word. Aan die ander universiteite is geen studies oor die kompanjietyd onderneem nie.

Nederlandse studies oor die kompanjietyd as sodanig is ook min. Daar is wel studies oor die kompanjietyd in die breë verband van sy oorsese aktiwiteite gedoen,<sup>36</sup> maar die Nederlandse Oosterse gebiede het veel meer aandag as die Kaap gekry. Deur die werke van Robert Ross<sup>37</sup> te Leiden en Gerrit Schutte<sup>38</sup> aan die Vrye Universiteit in Amsterdam in die laat jare sewentig en tagtig, is wel 'n nuwe belangstelling geopenbaar. Ross het hom veral in rasse- en sosiale verhoudinge geïnteresseer en Schutte in die ontwikkeling van Nederlandse kultuur en instellings in Suid-Afrika. Dit is dan ook onder sy leiding dat die jongste navorsingsprojek oor die kompanjietyd, binne die kader van 'n groter projek, voltooi is, die studie van Ad Biewenga wat in afdeling 5 in meer besonderhede bespreek word.

- 
33. S.P. VAN DER MERWE, Die verslag van die Generale Kommissarisse Nederburgh en Frykenius (MA, Unisa, 1942).
  34. I.D. BOSMAN, Die Kommando-stelsel in die tyd van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap, (MA, Grey Kollege, 1931).
  35. Die maatskaplike vorms aan die Kaap in die tydperk 1652 tot 1795 (Ph.D., UW, 1952).
  36. Vgl D.B. BLOK (Red): *Algemeen geschiedenis der Nederlanden, deel IX*, waarin 'n hoofstuk van tien bladsye gewy word aan die VOC in Suid-Afrika geskryf deur Robert Ross (Fibula-Van Dishoeck, Bussum, 1980).
  37. Veral twee van sy werke is in hierdie verband belangrik: *Cape of torments: slavery and resistance in South Africa* (Routledge and Kegan Paul, Londen, 1983) ; *Beyond the pale: essays on the history of colonial South Africa*. (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1994). Beide studies behoort tot die groep van nuwe studies van die jare tagtig en daarna. Ross het talle artikels en hoofstukke in boeke oor die Kompanjietyd gelewer.
  38. Sy doktorsale proefskrif *De Nederlandse patriotten en de koloniën: een onderzoek naar hun denkbeelden en optreden, 1770-1800* (Geen uitgewer vermeld, Utrecht, 1974) met die interessante hoofstuk *De Kaap als toetssteen*, het sy belangstelling in die mentaliteitsgeskiedenis weerspieël. Hy het hom dan ook veral later toegespits op die verhouding tussen Nederlanders en Suid-Afrikaners in die algemeen waaruit 'n reeks interessante publikasies oor die mentaliteitsgeskiedenis verskyn het. Die bekendste is miskien *Nederland en de Afrikaners: adhesie en adversie. Over stamverwantschap, Boeren vrienden, Hollanderhaat, calvinisme en apartheid*. (T. Wever, Franeker, 1986). Ook "Between Amsterdam and Batavia: the Cape Society and the Calvinist Church under the Dutch East India Company" in *Kronos*, 25/1998-1999, pp. 17-49.

### 3. Navorsing en publikasie buite universitêre verband

In Suid-Afrika, en in besonder in Kaapstad, was daar persone wat buite die verband van universiteitsnavorsing vir graaddoeleindes, belangrike bydraes gelewer het om belangstelling in die kompanjietyd te bevorder. Die uitstaande persoon in hierdie verband is natuurlik dr. Anna Boëseken wat haar tesis en proefskrif opgevolg het met 'n leeftyd gewy aan die ontwikkeling van kennis oor die kompanjietyd. Haar verbintenis met die Staatsargief in Kaapstad en die geleenthede wat sy as hoof van publikasies gehad het, het haar gehelp om haar vrugbare aktiwiteite verder te ontwikkel. Afgesien van haar talle individuele studies wat gewissel het van 'n biografie oor Simon van der Stel tot studies oor die slawe en die Khoikhoi, was sy in opvolging van H.C.V. Leibbrandt<sup>39</sup> en K.M. Jefferies<sup>40</sup> ook die belangrike dryfkrag agter die uitgebreide reeks argivale dokumentêre publikasies oor die kompanjietyd<sup>41</sup> en talle tydskrifartikels. Daardie ywerige publiseerder van argiefdokumente G.M. Theal het self altesame vier volumes dokumente oor die kompanjietyd gepubliseer.<sup>42</sup>

Die werk van die Van Riebeeck-Vereniging (VRV), wat in 1918 gestig is om interessante historiese manuskripte van 'n private aard te laat annoteer en publiseer, is ook van besondere betekenis. Die heel eerste publikasie in die eerste reeks van die VRV was dan ook *Reports of De Chavonnes and his Council, and Van Imhoff, on the Cape* (1918). Uit die eerste reeks van 50 publikasies het 12 oor die kompanjietyd handel. In die tweede reeks, wat tans nog loop, handel agt van die 28 bande oor die kompanjietyd. In totaal het die VRV dus 20 bronne tot kennis van dié tydperk bygedra. Dit is meesal reisbeskrywings maar sluit ook belangrike dokumente in soos Swellengrebel se korrespondensie en aantekeninge, Adam Tas se dagboek en verslae van ondersoekkommissies.

Die Van Linschoten-Vereniging (gestig 1908) het die reeds genoemde reisbeskrywings wat deur E.C. Godée-Molsbergen versorg is, gepubliseer,

- 
39. *Precis of the archives of the Cape of Good Hope* (Reeks bande tussen 1896 en 1906 deur Richards, Kaapstad gepubliseer).
  40. Kaapse argiefstukke: Kaapse Plakkaatboeke, 1652-1795, 4 volumes, (Staatsdrukker, Kaapstad, 1944-1949).
  41. Suid-Afrikaanse argiefstukke, Kaap, nos. I-X. Resolusies van die Politieke Raad 1651-1743 (Staatsdrukker, Kaapstad, 1957-1984). Die werk is deur en S.D. NAUDÉ en G.C. DE WET tot 1743 voltooi.
  42. *Belangrijke historische dokumenten*, 3 volumes (Van de Sandt de Villiers, Kaapstad, 1896-1911); *Records of the Cape Colony, Vol.1, 1793-1796* (Government of the Cape Colony, Londen, 1897).

terwyl die Historische Genootskap van Utrecht drie oorspronklike bronne gepubliseer het.<sup>43</sup>

Die kerklik-godsdienstige geskiedenis van die Nederlandse kolonie het van teoloë se kant uit die aard van die saak heelwat aandag gekry addisioneel tot dié van historici.<sup>44</sup> Soos reeds vermeld het die slawe voor 1980 beperkte aandag gekry. Pionierswerk wat wel gedoen is, was dié van Victor de Kock.<sup>45</sup> Die sosiale lewe, eerder as sosiale verhoudinge, het die aandag geniet in studies van F.C. Dominicus<sup>46</sup> so vroeg as 1918, Graham Botha<sup>47</sup> en J.L.M. Franken.<sup>48</sup> Hierdie sosiale geskiedenis is meer op die lewenswyse van die koloniste ingestel en gee beperkte aandag aan die rol van vryswartes en slawe. Die onderwys het ook deur die werk van P.S. du Toit, H.P. Cruse<sup>49</sup> en J. Hoge<sup>50</sup> aandag gekry. Die herkoms van die Afrikaner, en veral die vraag watter rol gemengde huwelike en buite-egtelike vermenging hierin gespeel het, het vroeg

- 
43. *Dagverhaal van Jan van Riebeeck*, in drie volumes. (Konink en Zoon, Utrecht, 1884-1898) Dit is die tweede van vier weergawes van die dagverhaal wat in druk sou verskyn. *Memoriën van den gouverneur Van de Graaff; H.A. van Rheede tot Drakenstein, journal van zijn verblijf aan de Kaap*. Albei gepubliseer in *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap te Utrecht*, 1887.
  44. Die belangrikste is waarskynlik T.N. HANEKOM, *Helperus Ritzema van Lier* (NG Kerk-uitgewers, Kaapstad, 1959); H.C. HOPKINS, *Die Moeder van ons Almal. Geskiedenis van die gemeente Kaapstad, 1665-1965* (NG Kerk-uitgewers, Kaapstad, 1965); B.J. ODENDAAL, *Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland (1652-1952)* (T Wever, Franeker, 1957); A.M. HUGO en J. VAN DER BIJL, *Die kerk van Stellenbosch, 1686-1963* (Tafelberg, Kaapstad, 1963); P.B. VAN DER WATT, *Die Nederduits Gereformeerde Kerk. Deel 1: 1652-1824* (Van Schaik, Pretoria, 1976); F.R. BRADLOW en M. CAIRNS, *The early Cape Muslims. A study of their mosques, genealogy and origins* (Balkema, Kaapstad, 1978); J. HOGE, *Die geskiedenis van die Lutherse kerk aan die Kaap in Argieffjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938. (Straatsdrukker, Pretoria, 1938).
  45. *Those in bondage: an account of the life of the slave in the Cape in the days of the Dutch East India Company* (Timmins, Londen, 1950).
  46. *Het huizelijk en maatschappelijk leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18de eeuw* (Nijgen en Von Ditmar, Den Haag, 1919). Dit is hierdie werk wat die motivering vir C.W. Hudson se proefskrif verskaf het waarna in voetnoot 29 verwys is.
  47. *Social life in the Cape Colony in the 18th century* (Juta, Kaapstad, 1926).
  48. Huisonderwys aan die Kaap (1692-1732) in *Annale van die Universiteit van Stellenbosch* B12-1, 1934; 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se briefboek en memorial, in *Argieffjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940. (Staatsdrukker, Pretoria, 1940)
  49. Die opheffing van die Kleurlingbevolking. Deel 1: aanvangsjare, 1652-1795 (Universiteitsuitgewers, Stellenbosch, 1947).
  50. Privaat skoolmeesters aan die Kaap in die 18de eeu in *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, B12-1b, 1934.

reeds aandag getrek.<sup>51</sup> Colenbrander se totaal vir vermenging is verrassend na aan die latere bevinding van Heese. Hy stel dit dat ander nasionaliteite wat slawe en vryswartes uit die Ooste insluit 5,5 persent beloop en “inlandse” mense 1 persent. ‘n Totaal dus van 6,5 persent. Hoge<sup>52</sup> stel dit so hoog as 10 persent, terwyl Heese in die begin van die jare sewentig dit op 7,2 persent bereken en De Bruyn dit in 1976 op 5,4 persent bereken.<sup>53</sup>

Die ontwikkeling van nuwe navorsingsmetodes en -tegnieke het in die laat jare sewentig en die tagtigerjare tot nuwe belangstelling en omvangryker navorsing gelei. Dit was veral die statistiese verwerkings van argiewe wat andersins weinig beskrywende materiaal opgelewer het, wat aandag gekry het. Die nuwe vraagstelling na die rol van bepaalde groepe en van arbeid in die samelewing, het kwessies soos arbeidsverhoudinge, die ontstaan van ‘n kleurgevoel, die sosiale en ekonomiese verhoudinge tussen groepe, die behandeling en rol van die slawe aan die Kaap en die omvang en invloed van sosiale en biologiese vermenging weer op die voorgrond geplaas. Hierdie kwessies was reeds in die kompanjietyd aanwesig en daarom het navorsing hieroor vanuit ‘n nuwe invalshoek aandag begin kry.

#### **4. Die opkoms van die sosiale geskiedenis in die sewentiger- en tagtigerjare**

Die laat jare sewentig en die jare tagtig word gewoonlik as die tydperk van die versterkte nuwe belangstelling in sosiale geskiedenis beskryf. Drie faktore het hierin ‘n rol gespeel.

Die eerste was metodologies van aard: die nuwe belangstelling in navorsingstegnieke in sosiale geskiedenis, veral die kliometrika, wat uit Europa en die VSA na Suid-Afrika oorgekom het. Dit was nie die tradisionele sosiale geskiedenis waarin dit om die alledaagse lewenswyse van gewone mense gegaan het nie, maar die geskiedenis van sosiale verhoudinge veral in terme van klas, status en ras. Die opkoms van kliometrika het hieraan ‘n besondere impuls verleen met die strewende na statistiese verwerking van gegewens sodat ‘n meer korrekte en verifieerbare beeld van die samelewing geskep kan word. Deur

---

51. H.T. COLENBRANDER, *De afkomst der Boeren*, (Algemeen Nederlands Verbond, Kaapstad 1902), veral p. 112; ANON., “The origin and incidence of miscegenation at the Cape during the Dutch East India Company’s regime, 1652-1795” in *Race Relations Journal*, 20, 1953, pp. 23-27.

52. J. HOGE, “Rassenmischung in Südafrika im 17. Und 18. Jahrhundert” in *Zeitschrift für Rassenkunde* 8/2, 1938, pp. 138-151. ‘n Engelse vertaling is later opgeneem in ‘n boek as *Miscegenation in South Africa in the seventeenth and eighteenth centuries*. Kyk M.V. Valkhoff, *New light on Afrikaans and ‘Malayo-Portuguese*, (Peeters, Leuven, 1972), pp. 99-118.

53. J.A. HEESE, *Die herkoms van die Afrikaner, 1657-1687*, (Balkema, Kaapstad, 1971), p. 21; G.F.C. DE BRUYN, Die Samestelling van die Afrikanervolk, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 6/1, April 1976, p. 41.

statistiek oor geboortes en sterfgevälle, misdaad, belastings, lone, markte, boedels en ander soortgelyke bronne aan 'n sistematiese besyfering te onderwerp, is daar na gestreef om presiese syfers eerder as algemene uitsprake daar te stel. Die opstel van tabelle en die gebruik van aanskoulike diagramme het beteken dat hierdie gegewens visueel voorgestel kon word.

Die tweede faktor was die revisionisme in Europa en die VSA wat ten doel gehad het om juis die tradisionele geskiedbeeld uit te daag deur die klem nie soseer nie op gebeuregeskiedenis, as die strukture wat die gebeure onderlê, te plaas. Onder die invloed van Sosiologie en Ekonomie het die sosiale geskiedenis daarna gestreef om deur statistiese ontledings die aandag op sosiaal-ekonomiese faktore te vestig. Die koste en die struktuur van arbeid, die mededinging om arbeid om kapitaal op te bou, markte en pryse, en die waarde van produksiefaktore het veral aandag gekry. Dié benaderings is aanvanklik uitsluitlik op die tydperk rondom die ontdekking van goud en diamante, die ontstaan van kapitaal sterk mynmaatskappye en die myne se behoefte aan goedkoop arbeid, gerig gewees. Dit was 'n vrugbare veld vir die toepassing van veral sosialistiese, neo-Marxistiese en radikale interpretasies. In Europa en die VSA is die tradisionele liberale historiese interpretasies uitgedaag. Klasformasies eerder as kultuur-, politieke of etniese groeperinge het die bepalende faktor in gebeure geword. Die aandrag dat die geskiedenis van die gewone mense, eerder as die magselite die aandag moes kry, het 'n verskuiwing van belangstelling na nuwe groeperinge meegebring. Die geskiedenis van randgroepe soos prostitute en verskynsels soos misdaad en mishandeling, die arbeidersklasse, slawe, vroue, minderheidsgroepe en die verhouding tussen rasse is in die kalklig geplaas. In Engeland en die vasteland was dit die geskiedenis van die werkersklas en van die onderlae of randgroepe in die samelewing wat die aandag getrek het. In die VSA was dit die slawe en die swart Amerikaners wat die hoof aandag geniet het. Die kompanjietyd en die vroeg neëntiende eeu het in werke wat teen die einde van die jare sewentig verskyn het, die aandag begin geniet. Die oorsprong van kapitalistiese arbeidsverhoudinge, veral in terme van die uitbuiting van Khoikhoi en slawe-arbeid, het in die sentrum van belangstelling gestaan. Die ontwikkeling van 'n kapitalistiese klas aan die Kaap het, volgens hierdie vertolkings, veel aan die uitbuiting van slawerny in die landboustreke van die Wes-Kaap te danke gehad.

Hierdie eerste twee faktore het op twee maniere in die geskiedskrywing neerslag gevind. Die eerste was die wyse waarop teorieë oor klas- en kapitaalformasie in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing toepassing gevind het.<sup>54</sup> Vir hierdie benadering was die stad en die nywerheidslewe belangrik, en eers op 'n latere stadium is die aandag ook op plattelandse geskiedenis, en veral arbeid en kapitaalvorming in die landbou, gevestig. Die vernaamste vertoonvenster van

---

54. G. VERHOEF, *Die radikale geskiedskrywing oor Suid-Afrika: 'n historiografiese studie* (MA, RAU, 1982); R.A. DEACON, *Marxism and history: twenty years of South African Marxist studies* (MA, Natal Universiteit Durban).

hierdie benadering was die *History Workshop*-beweging wat in 1978 aan die Universiteit van die Witwatersrand tot stand gekom het. Binne hierdie beweging was twee duidelike strominge waarneembaar. Daar was diegene wat dit as 'n suiwer akademiese en intellektuele beweging beskou het wat hom op die hervertolking van die Suid-Afrikaanse verlede in terme van neo-Marxistiese teorieë, moes toespits. 'n Tweede groep het dit as die intellektuele basis van 'n aktivistiese politieke beweging gesien wat die werkersklas moes mobiliseer en die vakbonde aktief by sy werksaamhede moes betrek.<sup>55</sup> Hierdie radikale skool het geen aandag aan die kompanjietyd gegee nie, stellig omdat die vorming van 'n stedelike proletariaat eers in die laat neentiende eeu in Suid-Afrika plaasgevind het.

Die tweede manier waarop toepassing van nuwe metodologiese tegnieke en revisionistiese interpretasies van die Suid-Afrikaanse verlede plaasgevind het, was die liberaal-revisionistiese skool. Die neo-liberales het ook aan arbeid, grondbesit en kapitaalvorming aandag gegee, maar vanuit algemene sosiaal-ekonomiese teorieë en interpretasies wat veral uit die Amerikaanse geskiedenis geneem is. Hulle het dit ook eerder in 'n analities-beskrywende raamwerk aangebied. Die klem is nie op die teorieë nie, maar op die interpretasie geplaas. Die vraag waarmee hulle hulle besig gehou het, was dié van sosiaal-ekonomiese verhoudinge. 'n Nuwe ontleding van die statistiese gegewens, 'n nuwe interpretasie van die geskiedenis in terme van die kontak en wisselwerking tussen klasse, groepe, rasse en geslagte het in hulle geskiedskrywing sentraal gestaan. 'n Beskrywing van die geskiedenis van gewone mense, van die proses van grondbesitvorming, van die ontstaan van verskille in inkomste, klas, groepsoortuigings was vir hulle belangrik.<sup>56</sup> Die kompanjietyd het daartoe 'n sleutel gebied want dit was in hierdie tydperk dat 'n aantal basiese patrone van die Suid-Afrikaanse samelewing vasgelê is.<sup>57</sup>

Hierdie liberaal-revisionistiese vertolking het in belangrike opsigte by die derde bepalende faktor in die historiografie van die jare sewentig/tagtig ingeskakel. Dié faktor was eie aan Suid-Afrika, maar denke daarvoor is in belangrike opsigte deur Amerikaanse tendense beïnvloed. Teenkanting teen die apartheidsbeleid en sy aansprake dat skeiding (en nie vermenging en integrasie nie) die hoofelement in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is wat die apartheidsbeleid histories legitimeer, het 'n belangrike stimulus verskaf. Uitsprake wat Afrikanernasionalisme met Jan van Riebeeck en die Nederlandse

---

55. G.K. TATHAM, *University of Wits History Workshop and radical South African scholarship* (MA, UK, 1992).

56. R. ELPHICK, "Methodology in South African Historiography: A Defence of Idealism and Empiricism" in *Social Dynamics*, 9/1/1983, pp. 1-17.

57. Dit word goed uitgedruk in die titel van 'n versamelwerk wat uitgebreide aandag aan die Kompanjietyd gee, H. GILMEE en R. ELPHICK (Reds.), *'n Samelewing in wording, 1652-1840* (Maskew Miller Longman, Kaapstad, 1982). Uit die Engels vertaal.

“Volksplanting” vereenselwig het, het historici uitgedaag om die uitgangspunte nie net te ondersoek nie, maar verkeerd te bewys. Suid-Afrika is eerder tradisioneel ‘n oop gemeenskap waar rassebewustheid nie sterk aanwesig was nie en waar integrasie en vermenging as natuurlik aanvaar is. Rasse- en kleuronderskeiding het nie in die samelewing oorheers nie.<sup>58</sup>

Die sterk motivering vir hierdie benadering het uit die VSA gekom. Die eerste studies oor slawerny en oor die posisie van die Khoikhoi met betrekking tot die Kaapse samelewing het dan ook van die VSA gekom, maar is spoedig in Brittanje en plaaslik in Suid-Afrika opgeneem en verder gevoer.<sup>59</sup> Die doktorsale studie van Richard Elphick oor die Khoikhoi het nuwe aandag gegee aan die studie oor die posisie van die Khoikhoi, wat in die jare veertig in ‘n aantal tesse aan Stellenbosch aandag geniet het. Dit is opgevolg deur die reeds genoemde werk van Bredenkamp aan die UWK en van Nigel Penn aan die Universiteit van Kaapstad oor die verhouding tussen die Kaapse koloniste en die Khoikhoi.<sup>60</sup> Die bedoeling van hierdie studies was om die aandag te vestig op die Khoikhoi as slagoffers van die blanke vestiging en uitbreiding eerder as die bedreiging. Grondbesit, verarming van die Khoikhoi, en hulle onsuksesvolle verzet teen kolonisasie het die hooftemas geword. Slawerny het meer aandag gekry en hier was die onderliggende tema in die studies die verwerping van die gedagte dat slawerny aan die Kaap veel gematigder en mensliker as elders was en is die klem op die onderdrukking en verzet van die slawe geplaas.

---

58. Vroeë voorlopers van hierdie studies is L.J. Greenstein, “Slave and citizen: the South African case” in *Race 15*, jaartal onvermeld, pp.25-46); W.M. Freund, “Race in the social structure of South Africa, 1652-1836” in *Race, 18*, pp.53-67).

59. R. ELPHICK, *The Cape Khoi and the first phase of South African race relations* (Ph.D., Yale, 1972). Gepubliseer as *Kraal and Castle. Khoikhoi and the founding of white South Africa* (Yale UP, New Haven, 1977); S. MARKS, “Khoisan resistance to the Dutch in the seventeenth and eighteenth centuries” in *Journal of African History*, 12(1), 1972, pp.55-80; J. E. PARKINGTON, “Soaqua and Bushman: hunters and robbers” in C. SCHRIRE (red.), *Past and present in hunter-gatherer studies*. (Academic Press, Orlando, 1984); L. GUELKE en R. SHELL, “An early colonial gentry: land and wealth in the Cape Colony, 1652-1731” in *Journal of Historical Geography*, 9(3), 1983, pp. 265-286.

60. N. PENN, “The frontier in the Western Cape” in J. PARKINGTON en M. HALL (reds), *Papers in the prehistory of the Western Cape*, (BAR, Oxford, 1987); “Labour, land and livestock in the Western Cape during the eighteenth century: The Khoisan and the colonists” in W.G. JAMES en M. SIMONS (reds), *The angry divide: social and economic history of the Western Cape*, (Philip, Kaapstad, 1989).

Nigel Worden<sup>61</sup> Robert Shell<sup>62</sup> en D.C. Bozarth<sup>63</sup> se doktorale studies het slawerny in die VSA en die debat wat deur historici daarvoor gevoer is, as model gebruik. In aansluiting by die werk van die IHN aan die UWK, het die ontstaan van 'n nuwe groep deur vermenging met die ander groepe, ook in die buiteland aandag gekry.<sup>64</sup>

Robert Ross se studie<sup>65</sup> het nie die kompanjietyd in eie reg ten doel gehad nie, maar slawerny in die algemeen. Ook hier is die klem op die lyding en uitbuiting van die slawe en hulle gevolglike begryplike verset en opstand geplaas. Die reeds genoemde werke van Hattingh en die werk van Nigel Worden het 'n empiriese weergawe probeer daarstel.

Besondere aandag is ook aan die sosiale prosesse wat kontak en assimilasië tot gevolg gehad het, gegee. Klem is enersyds gelê op die wyse waarop sosiale en bloedvermenging aan die Kaap as natuurlik aanvaar is sodat die regverdiging van apartheid op grond van tradisionele afstand wat tussen rasse-groepe sou bestaan het, en veral die beleid teenoor die Kleurlingbevolking as sou hulle 'n eie volk wees, skerp onder die soeklig geplaas is. Sosiale stratifikasie was die tema van L. Guelke<sup>66</sup> en Robert Ross<sup>67</sup> se studies en die aandag is op die bevoorregte posisie van die landbouers en die rol van arbeid geplaas. Die idee dat die Calvinistiese godsdiens aan die Kaapse koloniste die regverdiging vir hulle houding van rasse-meerderwaardigheid en die reg tot oorheersing gegee het, het in die werke van J.N. Gerstner<sup>68</sup> en die Afrikaanse sosioloog-teoloog wat

- 
61. N. WORDEN, Rural slavery in the western districts of the Cape Colony during the eighteenth century (Ph. D., Cambridge, 1982). Gepubliseer as *Slavery in Dutch South Africa*. (Cambridge UP, Cambridge, 1985).
  62. R. SHELL, Slavery at the Cape of Good Hope, 1680-1731 (Ph.D, Yale, 1986), gepubliseer as *Children in bondage: a social history of the slave society at the Cape of Good Hope 1652-1838* (Wesleyan UP, Hanover, 1994).
  63. D.C. BOZARTH, Burgher, Boer and bondsman: A survey of slavery at the Cape of Good Hope under the Dutch East India Company, 1652-1795 (PhD, Maryland, College Park, 1987).
  64. Byvoorbeeld J. FREEDBERG, Changing political identity of the 'coloured' people of South Africa: A political history (Ph.D., Universiteit van California, Berkeley, 1987).
  65. R. ROSS, Cape of torments: slavery and resistance in South Africa (Routledge and Kegan Paul, Londen, 1983).
  66. L. GUELKE, The early European settlement of South Africa, (Ph.D, Toronto, 1974). Gepubliseer as *The Southwestern Cape Colony, 1657-1750: freehold land grants* (University of Waterloo, Waterloo, Ontario, 1987).
  67. R. ROSS, D. VAN ARKEL en G.C. QUIPEL, "De wijngaard des Heeren?" Een onderzoek naar de wortels van 'die blanke baasskap' in Zuid-Afrika (Martinus Nijhoff, Leiden, 1983); R. ROSS, Beyond the pale: essays on the history of colonial South Africa (Wesleyan UP, Hanover, 1993).
  68. J.N. GERTSNER, The thousand generation covenant: Dutch reformed covenant theology and group identity in colonial South Africa, 1652-1814 (Brill, Leiden, 1991).

na Kanada verhuis het, Jan Loubser,<sup>69</sup> uitdrukking gevind. André du Toit het hierdie preokkupasie met Calvinistiese invloed verwerp en daarop gewys dat die vermeende Calvinistiese invloed van die sewentiende eeu 'n twintigste eeuse verskynsel is.<sup>70</sup> In die doktorsale proefskrif van Adrian Leftwich<sup>71</sup> is die kompanjietyd in terme van algemene konsepte oor kolonialisme as vorm van kapitalisme bestudeer en geïnterpreteer.

Die nuwe waarde wat aan die kompanjietyd deur hierdie navorsing geheg is, was dat dit die sleuteltydperk is tot die verstaan van die potensiaal waaroor Suid-Afrika beskik het om tot 'n oop gemeenskap sonder enige rassediskriminasie te ontwikkel. Apartheid se teruggryping na 'n tradisie vanaf die vroegste Europese vestiging aan die Kaap, is bevraagteken. Daarteenoor is die vraag gestel hoe, waar, wanneer en waarom ontwikkel die rassediskriminasie dan in Suid-Afrika? Sommige het dit aan die bestaan van slawerny in die gemeenskap en ander aan die behandeling wat die Khoikhoi ontvang het, toegeskryf. Die wyse waarop rasseverhoudinge in die loop van die kompanjietyd minder plooibare vorme aangeneem het, is ondersoek en die vraag gestel waaraan hierdie veranderende gevoel toegeskryf moes word. Die mees omvattende studies oor die konsep van 'n oop Suid-Afrikaanse samelewing wat eers mettertyd in rassegroeperinge gesluit geraak het, is vervat in die twee werke wat daarna gestreef het om die nuutste navorsing deur spanwerk saam te voeg in twee publikasies<sup>72</sup> waarvan die tweede nie oor die kompanjietyd handel nie, maar 'n belangrike aanvulling by die eerste is. Albei werk met konsepte en modelle uit die Amerikaanse ervaring en uit die Sosiologie en Politieke Wetenskap wat op die kompanjietyd en die Suid-Afrikaanse geskiedenis toegepas word.

Die toepassing van gesofistikeerde statistiese verwerking het gewentel rondom 'n aantal basiese vrae: Wat was die aard van misdad aan die Kaap? Hoeveel slawe is deur individuele vrystelling in die samelewing opgeneem? Wat was die omvang van biologiese vermenging? Waar staan hierdie konsepte en teorieë in terme van die nuutste empiriese navorsing oor die kompanjietyd? Wat was die moontlikhede, veral in terme van grondbesit, om 'n basiese welvaartspeil te bereik?

---

69. J. LOUBSER, "Calvinism, equality and inclusion: the case of Afrikaner nationalism" in S.N. EISENSTADT (red.), *The protestant ethic and modernisation*, (Basic Books, New York, 1968).

70. A. DU TOIT, "No chosen people: The myth of the Calvinist origins of Afrikaner nationalism and racial ideology in *American Historical Review*, 88(4) 1993, pp. 920-952.

71. A. LEFTWICH, *Colonialism and the constitution of Cape society under the Dutch East India Company* (Ph. D., Universiteit van York, 1976).

72. H. GILIOMEE en R. ELPHICK (reds), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1820* (Maskew Miller Longman, Kaapstad, 1982); H. GILIOMEE en H. ADAM, *Afrikanermag: opkoms en toekoms* (Universiteitsuitgewers, Stellenbosch, 1981).

In hierdie studies het die blanke bevolking en die Nederlandse aard van die Kaapse samelewing nie die sentrale plek beklee nie. Die sosio-ekonomiese posisie van die Kaapse burgers en die kompanjiesamptenare het wel terloopse aandag gekry,<sup>73</sup> maar hulle is gesien as ‘n “groep sonder ‘n eie karakter”.<sup>74</sup> Twee uiteenlopende pogings<sup>75</sup> om die denke van die Kaapse burgers te peil, het nie werklik daarin geslaag om hulle rol in die geskiedenis op ‘n vaste voet te plaas nie.

Waar staan hierdie bevindinge en interpretasies in die lig van die nuutste empiriese navorsing oor die kompanjietyd?

### 5. Die doktorale studie van Ad Biewenga

Die jongste navorsingstudie oor die kompanjietyd is die doktorale proefskrif van Ad Biewenga waarmee hy in Januarie 1999 aan die Vrye Universiteit in Amsterdam onder prof. Gerrit Schutte gepromoveer het.<sup>76</sup> Drie faktore maak hierdie studie, binne die veld van ernstige navorsingstudie oor die kompanjietyd en in die lig van die werk wat in die jare tagtig gedoen is, betekenisvol. Eerstens die feit dat hierdie studie binne ‘n groter projek onderneem is wat daaraan ‘n meer insluitende en omvattende raamwerk bied as enkeltema studies wat net op die slawe of net die Khoihkhai of net die burgerbevolking toegespits is. Die studie vorm deel van die groter projek oor ‘n kultuurgeskiedenis van die Nederlandse Republiek in die sewentiende eeu, ‘n projek van proff. A. Th. Van Deursen en S. Groenveld. Dié projek wil, aan die hand van verskillende uitgekondeerde deelstudies, die lewensstyl van die Nederlandse republiek en sy invloed in sy oorsese gebiede bepaal. Dit is nie, soos aangegee word, soseer ‘n kultuurgeskiedenis nie as wat dit ‘n omvattende totaliteitsstudie is wat ten doel het om alle aspekte van ‘n samelewing binne ‘n beheerbare tydperk in diepte te beskryf ten einde die mentaliteit van mense bloot te lê. Dit beteken dat die studie die wyer maar ook dieper doel van ‘n tipiese Annaleskool studie beoog en dus minder die gevaar loop om binne een konsep of teoretiese beskouing of politieke motief vasgevang te raak. Biewenga stel dit dan ook onomwonde (bladsy 16) dat hy teorieë, modelle, konsepte en etikette wil vermy.

- 
73. Sien byvoorbeeld die artikel van R. ROSS, “The ‘White’ population of South Africa in the eighteenth century” in *Population Studies* 29/1975, pp.217-230; en die Guelke en Shell artikel in voetnoot 65.
  74. G. SCHUTTE, “Die Kompanjie en koloniste aan die Kaap 1652-1795” in H. GILIOMEË en R. ELPHICK (reds), *‘n Samelewing in wording, 1652-1840*, p. 289.
  75. G.D. SCHOLTZ, Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel 1: 1652-1806 (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967); A. DU TOIT en H. GILIOMEË (reds), *Afrikaner Political Thought, Analysis and Documents 1: 1780-1850* (David Philip, Kaapstad, 1983).
  76. Die Kaap de Goede Hoop: een Nederlandse vestigingskolonie, 1680-1730 (Uitgeverij Prometheus en Bert Bakker, Amsterdam, 1999).

Hy wil die mense van die Kaapse platteland, want sy studie handel oor die distrikte Stellenbosch en Drakenstein en die mense se lewensstyl, in hulle eie reg en betekenis beskryf: *Hun bedoelinge – en niet onze projecties – dienen we volkome serieuus te nemen* (p. 16).

Die tweede faktor wat 'n belangrike rol speel in Biewenga se navorsing is die feit dat hierdie studie vanuit 'n Nederlandse agtergrond binne die Nederlandse patroon van dié tyd bestudeer word en nie binne die raamwerk van denke wat van die VSA of Brittanje oorgeneem is nie. Daarom word Kaapse situasies voortdurend met die vergelykbare Nederlandse platteland (in hierdie geval die gemeente Graft waaroor sy promotor 'n intensiewe studie gedoen het) en ander Nederlandse oorsese belange, veral in die Ooste, in verband gebring. Met die uitsondering miskien van Anna Boëseken en Robert Ross, het nie een van die navorsers tot op hede binne so 'n raamwerk kon werk nie.

Die derde faktor is die feit dat Biewenga die tydperk waarin die Kaap oorgaan van 'n neweproduk van die VOC se skeepvaart- en handelsbedrywigheede na 'n kolonie in eie reg bestudeer. Met die stigting van die eerste twee binnelandse “gemeentes” in die Nederlandse gebruik van die woord, word die Kaap 'n “vestigingskolonie”. Teen 1730, is Biewenga se oortuiging, is die Kaap onherroepbaar 'n kolonie. Die hooftema in Biewenga se studie is die vraag in hoe 'n mate die Kaapse samelewing die Nederlandse gebruike, tradisies en kultuur weerspieël het. Hy kan dan ook deur sorgsame, geduldige en veeleisende telwerk en statistiese verwerkings die kliometrika benut, maar terselfdertyd in soveel fyn besonderhede op individuele menslike ervarings en gedrag ingaan, dat die mense en nie die statistieke nie, uiteindelik in die kollig staan.

In hierdie artikel word net gekonsentreer op die belangrike bevindinge en uitsprake van Biewenga wat tot die ontwikkeling van die stand van kennis oor die kompanjietyd bydra. Ander interessante aspekte van die studie wat kritiese evaluering vra, is die navorsingsmetodologiese waarde van die studie en die produk as 'n toevoeging tot Stellenbossiana. Ten opsigte van eersgenoemde moet hier volstaan word met die vraag in hoeverre die studie van dokumente wat oor die randverskynsels van 'n samelewing handel, die misdaadrekords en die testamente, werklik 'n betroubare beeld van die doodgewone mense se mentaliteit moontlik maak? Tot Biewenga se krediet behoort 'n navorsingsmetode en diepsinnige oorweging van bevindinge wat die tekortkominge in die bronne probeer uitbalanseer. Ten opsigte van die Stellenbossiana is die opmerking geldig op grond van die feit dat die studie veel minder oor Drakenstein as oor Stellenbosch sê en dat die rol van 'n betekenisvolle groep nuwe intrekkers in Drakenstein, die Franse Hugenote, haas nie figureer nie.<sup>77</sup>

- Biewenga kritiseer die waarde wat Shell en Elphick aan ras en kleur en Anna Boëseken aan ekonomiese onafhanklikheid heg om die verskille tussen

---

77. Ek kon vyf verwysings na die Hugenote tel.

vryswart en vryburger te ontleed. Die Nederlandse bewind het nie een van die drie kriteria hoog aangeslaan nie. Sy uitgangspunt was dat net die vermoë om selfversorgend te wees en nie 'n las vir die staat te word nie, geldend was. Van vryswartes is net verwag dat hulle selfversorgend moes wees, dat hulle hulle voormalige eienaars met eer en respek moes behandel en dat, wanneer vryswartes kinderloos sterf, die helfte van die boedel na die voormalige eenaar gaan (p. 29).

- Visuele diagrammatiese voorstellings van Stellenbosch-kolonie se bevolkingsgetalle toon duidelik hoe die nedersetting teen 1726 van slawe-arbeid afhanklik geword het (p. 29).
- Die patroon van plaaslike bestuursontwikkeling in Stellenbosch is dié van Nederland (p. 38).
- Die wyse waarop die eerste vorme van 'n soort kontrak (die voorloper van die inboekstelsel?) ontstaan omdat Khoikhoi kinders wat deur die boere versorg is, geweier het om as teenprestasie te werk (p. 105-108).
- Interessante perspektiewe oor die behandeling van slawe en die feit dat lojaliteit en vernet albei kenmerke van die slawerny in Stellenbosch was (pp. 108-112). Biewenga bevind dat hardvotige boere “waren er toch niet veel” (p. 115).
- 'n Ontleding van huwelike en geboortes toon dat 20,3 persent van die huwelike plaasgevind het toe swangerskap reeds ingetree het, 'n syfer wat met dié van Nederlandse gemeentes korreleer (p. 240).
- Biewenga stem met Ross saam dat die beeld van wellustige slavinne oordrewe is en dat die lae kindertal van slawevroue op 'n kuisheid en hoë morele standarde by enkellopende slawe dui (p. 246).
- Leeglopery is nie geduld nie. Die Politieke Raad het in 1706 bepaal dat leeglopers en swerwers as soldate na Indië gestuur sou word (p. 45, voetnoot 39).
- Hoewel die vereiste gegeld het dat landdroste en heemrade van Stellenbosch Nederlands moes wees en 'n lidmaat van die Gereformeerde geloof, toon Biewenga aan dat dit nie in die praktyk toegepas is nie (pp. 49-56).
- Misdad en geweld soos dit in Stellenbosch voorgekom het, dui daarop dat, hoewel selfbeheersing blykbaar nie een van die Stellenbossers se sterk eienskappe was nie, Stellenbosch tussen 1700 en 1730 nie meer gewelddadig as die mense van die Nederlandse gemeente Graft was nie (p. 72).
- Uitsprake oor swak kindertug en onderwys, ook vir die slawe, is oordrewe. Biewenga toon aan dat 'n Stellenbosch-studie van 1936 meer korrek is oor die onderwys aan slawe as die meer moderne studies (pp. 162-164 en 278).
- Sy bevindinge oor armversorging onderskryf die bevindinge wat Marais in 1941 in sy MA-tesis gemaak het (pp. 147-150).

- Die Stellenbossers se geleerdheidspeil is wel hoër as wat navorsing tot nou aangetoon het, maar het in 1704 ‘n agterstand van 30 persent in vergelyking met die Nederlandse gemeente Graft gehad. Teen 1726 het dit na minder as 20 persent gekrimp (p. 165).
- Tabel 5.12 op p. 197 toon aan dat dit teen 1705 vry gebruiklik was om slawekinders te doop in teenstelling met bewerings dat die koloniste gekant was teen die doop van slawekinders. Wat die saak ingewikkeld gemaak het, was die bepaling van die Gereformeerde kerk in Batavië dat die doop aan die kinders van Christenouers bedien moes word of dat kinders en hulle ouers eers Christelike onderwys moes ontvang alvorens hulle gedoop kon word. Biewenga verstrekk ook die name van nie-wit lidmate van die gemeente (p. 183).
- Op kerklike gebied vertoon die Stellenbosch-gemeente en die Kaapse kerk in die algemeen die tipiese kenmerke van die kerk in Nederland op daardie tydstep (p. 175). Biewenga kritiseer Geyer en Gertsner se uitspraak oor ‘n gebrek aan tug by die Nagmaal en toon met empiriese gegewens aan hoe dat dit wel toegepas is. Hy verwerp Gerstner se uitspraak dat die blanke koloniste outomaties as geheiligd beskou is (pp. 199-200).
- Die breër verband waarbinne Biewenga die veel aangehaalde uitspraak van Hendrik Biebow (Ik ben een Africaander) aanhaal, gee daaraan ‘n ander betekenis as wat gewoonlik in die literatuur daaraan geheg word, nl. as eerste uiting van Afrikaneridentiteit of as die betekenislose woorde van ‘n nie-nugter persoon. Biewenga plaas dit in die konteks van die gevoelens tussen die plaaslike gebore koloniste en dié wat van buite na die kolonie gekom het (p. 170).<sup>78</sup>
- Dit is oor die kwessie van sosiale stratifikasie, identiteit en rassebewustheid dat Biewenga se ontledings hom tot meer genuanseerde uitsprake lei as wat dikwels in die verlede gemaak is. Uitgaande van die sestiende en sewentiende eeuse betekenis van die woord nasie en die Nederlandse tradisie om na mense te verwys, beklemtoon Biewenga dat mense aan die Kaap nie op grond van ras of kleur geklassifiseer is nie, maar op juridiese gronde (p. 274).

Die sentrale bevinding van Biewenga se studie is dat die Kaap in dié periode ‘n tipiese Nederlandse gebied is waar Nederlandse instellings, gebruike en tradisie, die Nederlandse lewensstyl, die dominante was. Sosiale stratifikasie is deur rykdom, geletterdheid, godsdiens en geboorteplek bepaal. Hy bevind:

Te veel aandag kregen tot dusver huidskleur en uiterlijk voorkomen. Dat lijkt echter vooral een twintigste-eeuwse preoccupatie. Geboorte was meer dan

---

78. Kyk uitspraak oor dié saak in A. DU TOIT, “Hendrik Bibault of die Raaisel van Prof. J.L.M. Franken” in H.C. BREDEKAMP (red.), *Afrikaanse geskiedskrywing en letterkunde: verlede, hede en toekoms* (IHN, UWK, Bellville, 1992), pp. 1-20.

## *Kapp*

huidskleur een statusbepalende faktor. Deze maakte bijvoorbeeld het verschil uit tussen vrijzwarten en vrijgeboren (p. 288).

In die lig van die interessante insigte en gegewens waarmee Biewenga deurgaans in hierdie mikrostudie van die Kaapse samelewing gewerk het, sou 'n mens iets indringenders in sy finale bevindinge wou gesien het. Hy ontglip dit deur enersyds te reken dat die Kaapse samelewing "een zamenleving onder spanning" is. Maar daar

heerste geen toestand van anomie, of omgekeerd chaos doordat ieder zijn of haar eigen normen hanteerde. Alle mense hebben zich op een of ander wijze rekenschap gegee van de Nederlandse normen en waarden (p. 288).

Dan glijp hy verby die verantwoordelikheid om dieper te delf vir aanduidings van die betekenis van sy bevindinge deur te verklaar dat agter hierdie Nederlandse dop of omhulsel

konden vele identiteiteit skuil gaan. Maar een steeds groter aantal mense moet het Nederlandse culturele erfgoed als het hunne beskouwd hebben. Dit proses van assimilatie, deze reeks van persoonlike worstelinge met identiteit en zingeving, vraagt echter om een volgend boek (p. 290).

## **Summary**

### **The DEIC-period as a field of historical research**

The founding of the Dutch East India Company (DEIC) in 1602 will be commemorated in various parts of the erstwhile Dutch commercial empire during 2002. The South African event will be an international conference in Cape Town and Stellenbosch in April 2002 and will coincide with the Third Dutch-South African Bilateral Conference of Historians. This article serves as a background to this event. The focus is on what interest serious historical research has shown in the Dutch period of South African history since the eighties of the nineteenth century. The early interests of the founding Dutch professors of History at the University of Stellenbosch naturally led to research on this period. By the late forties this interest showed a marked decline. Researchers at other South African universities showed only a limited interest in the Dutch period.

From the late seventies onwards the situation began to change when the University of the Western Cape developed a new interest in the early contacts between Cape colonists and the Khoi, as well as in the particular nature of slavery at the Cape. The social and economic impact of slavery also received renewed interest from researchers at the University of Cape Town. A series of new publications by South Africans, Americans and Dutch scholars focussed on social relations at the Cape, emphasising the flexibility of Cape society and the developing interaction and contact between colonists, slaves and Khoi. The influence of American interest in and studies on American slavery was clearly visible. The latest doctoral study on the company period is that of Ad Biewenga at the Free University in Amsterdam. He notes that some of the findings of the early research are more reliable than later ones, but that the later research opens interesting new perspectives.